# Op die pad—Rusland Uitreik
# 7—24 Julie 2012



Wat 'n ondervinding! Die SA span het bestaan uit Chris Bester, Martin Meyer, Lené Nel en myself. Ons eerste werkswinkel was in Shmelenki met 'n groep jongmense wat die Jeug EEIII deurloop het. Fantastiese groepe mense. Elkeen met 'n wonderlike getuienis van redding. Ons het daagliks met hul uitgereik na Malagofka waar hulle praktiese ondervinding kon opdoen om die Evangelie te kon deel. Dit het soveel vrugte afgewerp. Talle het op straat oorgawes gemaak of aangedui dat hulle meer wil weet. Die spannetjie (Motivi3) sal met hierdie mense kontak behou en hulle help in geestelike groei of om hulle meer oor die Evangelie te vertel.






Die span moes eers kontak maak met ander jongmense op straat en hulle dan nooi vir 'n gratis roomys! Dit het dan vir hulle die geleentheid gebied om die gratis roomys te vergelyk met die graits geskenk van die Ewige Lewe.



Die tweede opleiding in Kursk was net 'n verkorte weergawe van die Jeug EE. Hierdie groep was nie ten volle bewus wat ons daar kom doen het nie. Maar hulle het vinnig reëlings getref en was ons oorweldig deur die belangstelling. Ons het afsprake met pastore in omgewing gekry en op kort kennisgewing het ons 2 keer die geleentheid gekry om in 2 verskillende kerke te kon praat oor Dissipelskap en wat ons daar in Kursk kom doen. Die Maandagaand het 46 mense opgedaag om hierdie verkorte aanbieding te kom meemaak. Na afloop van die opleiding Maandagaand, is ons uit strate toe sodat hul kon sien hoe werk dit in die praktyk. Ons het die voorreg gehad om die Evangelie met 'n hele paar mense te deel en 4 persone na die Here te lei.






Die laaste aanbieding was terug in Shmelenki waar ons begin het. Maar met 'n ander groep wat die H4K opleiding deurloop het.

Hier het ons daagliks klas gegee aan 9 mense wat die passie gehad het om die Evangelie aan kinders te leer.

Ongelukkig kon ons nie uitreik en die Evangelie met kinders op straat deel nie a.g.v. te min tyd. So ons het dus net gefokus op die opleiding en die pad voorentoe.

**Dankie aan ons borge wat dit vir ons moontlik gemaak het!**



**Dankie vir jou gebede en liefde !**

**Belinda Bothma**
**073 835 5084**